**SATERDAG 28 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 24:24-27**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 24:24-25 (OAV)**

## Drusilla – baie informasie, maar geen reformasie

Die Jode het die geleentheid gekry waarvoor hulle al so lank gewag het. Paulus is gevange geneem, maar nou het alles nie uitgewerk soos wat hulle beplan het nie. Die owerste oor duisend het te hore gekom van die Jode se komplot om Paulus dood te maak. Daarom het hy vir Paulus onder swaar begeleiding na goewerneur Felix in Sesarea gestuur.

Na die aanvanklike verhoor van Paulus het Felix die verhoor onderbreek totdat die owerste oor duisend teenwoordig was. Felix was egter goed bekend met die besonderhede in verband met die leer van Christus. Drusilla, sy derde vrou, was ’n Jodin en omdat hy wou spog oor sy kennis van die leer van Christus, laat haal hy vir Paulus om hom oor die geloof in Christus aan te hoor. Felix was ’n vrygestelde slaaf wat ’n goewerneur in ’n Romeinse provinsie geword het.

Drusilla was die kleindogter van Herodes die Grote. Skaars 20 jaar oud en onwettig getroud met ’n heiden wat haar van haar eerste man, koning Azizus van Emesa en ’n proseliet, weggerokkel het.

Met hierdie twee mense wat al so baie van Jesus weet, praat Paulus oor geregtigheid –Felix en Drusilla het onreg voor God gepleeg, gebrek aan selfbeheersing, want hulle het toegelaat dat hulle luste die botoon voer in hulle lewens – en die toekomstige oordeel, want as daar nie bekering kom nie, sou hulle veroordeel word.

Die ongemak oor die reguit en skerp Woord van God het gemaak dat Felix en Drusilla die gesprek stopgesit het. Felix het nog gesprekke met Paulus gehad, nie om die Woord te hoor nie, maar om te sien of Paulus nie bereid was om omkoopgeld vir sy vrylating te gee nie. Drusilla verdwyn egter van die toneel. Sy het waarskynlik nie weer die evangelie gehoor nie.

Die laaste wat ons van haar weet, het Josefus, die historikus, vertel. Sy en haar seun het 20 jaar later in Pompeii omgekom toe Vesuvius se lava en as Pompeii bedek het. Sy het onder die hand van die lewende, regverdige God geval omdat sy nie die geregtigheid van Christus wou aanvaar nie.

*Sing: Skrifberyming 7-1:1, 3*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*